

1 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 148

Fokusgedeelte: Psalm 148

**Laat heel die skepping 'n loflied wees!**

**D**ie ganse skepping word opgeroep tot lofsang. Wat 'n magtige koor van die hemel en aarde! Dit is nie net die gemeente wat in hierdie psalm opgeroep word tot lofsegging nie. Die gemeente tel dus onder die genooies uit die ganse skepping om saam te sing en deel te neem aan hierdie grootse koorbyeenkoms. Niemand in die massakoor mag afwesig wees nie. Selfs die weerlig, miswolke, seemonsters en al wat kruip of vlieg laat hulle stemme hoor.

Dit gaan nie in Psalm 148 om die vergoddeliking en verheerliking van die natuur of die skepping nie. Dit gaan oor die verheerliking van die Here, God van die natuur en die skepping.

Dat die skepping saam opgeroep word tot verheerliking van die Here, vind begroning daarin dat heel die skepping God se handewerk is. God is die Argitek en Ingenieur van die skepping. In sy almag was dit sy wil dat dit tot stand kom en het Hy dit gemaak. Die natuur is, saam met die skriftuur (die Woord van God), een van God se twee *boeke* (manuskripte) waardeur Hy Homself bekendmaak.

Wat 'n pragtige wilsbesluit en onderneming om te maak by die dagbreek en drumpel van die nuwe jaar, naamlik om saam in hierdie massakoor van die hemel en aarde te sing, en die Here te loof en te prys vir die gawe van lewe ... en om dít te doen in die magtige ouditorium van God se skepping. Wonderlik! Loof en prys die Here!

*Sing: Psalm 148:1, 5*

*Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)*